B.W.
10 Nov. '42

# Afrikanerdag

## Die Betekenis v. Afr. dag

Bedank vir uitnod. : Waarom hiert ? – Paradys – Nasareth

**Doel van Dag:**

1. Insameling fondse : **Skud Mekaar**
2. Eenheidsband bind – onder al die teenstrydighede iets groots wat vir ons saamleef & saamwerk : **Helpmekaar**

**Noodsaak v Dag:** Waarom nodig ? Wat die betekenis daarvan ? ① So baie fondse – baie oproepe – kan nie tyhou. Koei lêgge-melk – voer min !

③ Opvoeding Afr. kind is voorsien : Tog genoeg geld! Helpmekaar het sy deel gedoen : nie noodsaak om verder te werk!

– Daar was tyd, tot onlangs, dat ons so gedink het : staat, kerk, A.C.V.V. Helpmekaar moet sorg vir dié dinge. Helpmekaar se tyd is verby – kan nou agteroorsit & reken: plig gedoen!

→ Mag ek u vra net 'n paar feite noem wat u sal laat insien waarom dit noodsaaklik is – en dringend noods. – dat u nie sal verslap nie in u werk & u pogings & u insamelings ?

I ~~Een~~ Drie uit elke vier kinders wat skool begin kom nooit tot by Matriek:

- Statistiek deur onderwysers opgetrek wat aantal jare in ond. is: van dd. 3 is 90% afr. spr. kinders!

Waarom so? ① Gebrek aan insig. besef nie waarde van opvoeding v kind

② Gebrek aan voorligting: ~~Be~~ Oor versk. rigtings. beroepskeuse ens.

③ Kind nie vroeg genoeg ingelig

Gebrek aan middele: Grootste oorsaak: baie van ons armes HW. 100 – 500 kan eenv. nie geld kry: Vb. R.D.B. 30–500

Mevr. Vorster: wil nie geen Krag

- Huidige toestande maak dit nog erger: - styging lewenskoste
  - toestande na oorlog.

Arme eerste geraak: wie? Afr. – u & my vlees & bloed

Gevolge: ① Verlaat skool Std 6. of 8

② Gaan sukkelend deur lewe – kom nie tot reg.

③ Nakroos van onopgevoedes ens.

→ Van Wyk: net £10 gehad – vandag ander mens!

II Opkoms Kleurlingopvoeding:

Nog 'n rede waarom noods. om Afr. kind te help:

- Snel aangroei van Kleurlingbevolking
- Magtige stroom van ontwakende massas: wil opvoeding hê.

→ Party meen: Keer, steek stok voor

Onmoontlikheid daarvan: net so min as wat jy die voortgang v. Afr. kan keer, net so min kleurl. opv.?

Wat gedoen? – a) Kleurl. opv. simpatiek stem t.o.v. Afr. bevolking

b) Opvoeding eie kinders as heilige plig beskou: opgewasse wees in l/styd.

III Liefde taal aankweek as voorwaarde tot liefde vir volk

→ Watter groot werk: – liefde kweek vir ons eie taal: sy skoonheid, sy klankrykheid sy uitdrukkingsvolheid –
a) Meer Afr. boeke lees
Hoe b) onderwys deur moedertaal! Mag dit nie laat verwaarloos nie.

~~Party meen~~ Gesonde beginsel bly:
Afr kind – sy taal
Eng spr. " – " "

Misdaad t.o.v. kind om hom in ander taal as sy eie op te voed!

Hoekom?

① Verswak sy uitdr vermoë : kom nie tot volle antw?
② Neem sy selfvertroue weg
③ Kind verloor in taal verloor van volk & alles wat die volk s'n is.

- as Eng. ouer my ofa kom vra wat beste vir sy kind - antw: Deur medium van u moedertaal
- En as Afr. ouer my dies. vr. vra - dies. antw : Deur u moedertaal!

(X) - Helpmekaar help in hd. grootendeels

Stam : kragte vereenig, geleders sluit : saamstaan & saamwerk vir die opvoeding geest. welsyn v.d. Afr. Kinders - die volk van môre!
U werk sal nie vernietig wees!

---

(X) Wyse om dit te doen : - Swaeltjies
Helpmekaar
Soms mismoedig - ten opgooi-

# AANSLAG TEEN SKOLE MET ENKELMEDIUM

## Afrikaners se Stryd in die Stede

### DS. W. NICOL SE WAARSKUWING

„Daar is op die oomblik 'n diepgaande en georganiseerde poging aan die gang om die Afrikaansmediumskool dood te maak en, as hierdie poging slaag, glo ek dat dit met ons as ras en nasie klaar is," het ds. Wm. Nicol, Moderator van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal, verlede naweek by geleentheid van die mondigwording van die Hoërskool Helpmekaar, Johannesburg, verklaar.

In verband met enkelmediumskole het ds. Nicol gesê dat 'n skool soos die Helpmekaar-hoërskool 'n wapen in die hand van die Afrikaner is in die stryd om die behoud van sy identiteit.

Selfs in die hoogste raadsale van die land word pogings aangewend om die aparte Afrikaans-mediumskool dood te kry en dit sal 'n taai en verbete stryd kos om die inrigtings waaraan so swaar gebou is te behou.

**STRYD OM DIE STEDE**

„Op die oomblik," het hy verklaar, „is daar vir die Afrikaner 'n stryd om die stede aan die gang. Soos daar in Europa strydmagte voor die poorte van groot stede staan om hulle in te neem, so staan die Afrikaner vandag voor die stede van sy land, en sy stryd is vir die reg om ook iets in daardie stede te mag wees en iets daar te mag saamsê."

Spr. het gesê dat daar tevergeefs gesoek word na die jong Afrikaners wat in die 21 jaar, van 1900 tot 1921, in Johannesburg opgegroei het. „Ek het 25 jaar lank in Johannesburg gesoek na daardie kinders; met 'n paar uitsonderings is hulle vir ons verlore. Hulle wil met ons niks te doen hê nie.

„In Bloemfontein staan daar 'n monument vir die 26.000 vroue en kinders wat in die Engelse oorlog verlore is. Ons behoort hier 'n monument op te rig vir die 50.000 kinders wat hier in Johannesburg in daardie tyd verlore gegaan het. „Dit is 'n tragedie, die diefstal van 'n mensegeslag," het ds. Nicol verklaar.

**ONDERWYSRAAD**

In verband met die voorgenome invoering van dubbelmediumskole aan die Rand berig Die Transvaler dat die Johannesburgse Skakelkomitee 'n komitee benoem het om die eerste stappe te doen in verband met die stigting van 'n onderwysraad wat die standpunt van die Afrikaanse ouers sal stel.

Die blad berig dat daar 'n plan bestaan om 'n proefneming met dubbelmediumskole aan die Rand te doen en in die woorde van die voorsitter van die Skakelkomitee weier die Afrikaanse ouers om van hul kinders „proefkonyne" te maak.

Die voorgenome onderwysraad sal bestaan uit verteenwoordigers van verskeie liggame asook individuele persone. Met die oog op die politieke kleur wat die hele aangeleentheid tans dra, is dit onwaarskynlik dat diensdoende onderwysers daarin sal kan dien.